INLIGTING



# Wat is die SKI-Klas?

Die Sentrum vir Kurrikulum Integrasie (SKI) word daargestel vir Graad 4, 5 & 6 leerders met die akademiese potensiaal wat steeds kan baat vind in die akademiese hoofstroom. Die sentrum se doelwit is herintegrasie van leerders met hulp en ondersteuning van gespesialiseerde personeel en tegnologie, waar die omgewing bydra tot die ontwikkeling van leerders se vaardighede. Alhoewel ŉ gedifferensiëerde kurrikulum aangebied word, is die inhoud en assessering dieselfde as vir leerders in die res van die graad.

Die grootte van die klas is krities tot optimale leer en individuele aandag van die leerders. Die klas word beperk tot 15 leerders.

Leerders in die klas geniet steeds die volle ervaring van skool deur blootstelling aan ‘n wye verskeidenheid van buitekurrikulêre aktiwiteite. U kind word aangemoedig om betrokke te raak by sport, kultuur en ouderdomsgepaste sosialisering.

SKI
Sentrum vir Kurrikulum Integrasie

LAERSKOOL LOUW GELDENHUYS
SED. 1902
VRUG OP ONS ARBEID

INLIGTING



# Hoe ondersteun ons Jou Kind?

By die SKI-Klas help ons leerders om uitdagings te oorkom en suksesvol aan die skoolkurrikulum deel te neem – binne ‘n omgewing waar hulle veilig, begryp en aangemoedig voel.

**Gespesialiseerde Ondersteuning**
Ons toegewyde onderwyser werk in noue samewerking met Opvoedkundige Sielkundiges en Arbeidsterapeute om jou kind se unieke leerbehoeftes te akkommodeer.

**Slim Tegnologie**
Moderne hulpmiddels word doelgerig ingespan om leer te vergemaklik en selfstandigheid te bevorder.

**Individuele Aandag**
Met ‘n klein groepie leerders kan ons ‘n persoonlike benadering volg en fokus op holistiese ontwikkeling.

**Gebalanseerde Leeromgewing**
Ons kombineer akademiese ondersteuning met strategiese intervensies om leerders se selfvertroue, sosiale vaardighede en akademiese prestasie te verbeter.

Skakel ons gerus vir ‘n persoonlike gesprek oor hoe ons jou kind se leerreis kan ondersteun!

SKI
Sentrum vir Kurrikulum Integrasie

LAERSKOOL LOUW GELDENHUYS
SED. 1902
L.L.G.
VRUG OP ONS ARBEID

INLIGTING

# Gereelde Vrae & Antwoorde

## Sal my kind kwalifiseer vir die SKI-Klas?

Kinders wat oorweeg sal word vir plasing in die SKI-Klas, is leerders met 'n **gemiddelde tot bo-gemiddelde IK** (soos getoets deur 'n opvoedkundige sielkundige). Hierdie leerders toon moontlik 'n agterstand in sekere noodsaaklike vaardighede, wat sensoriese disregulasie kan insluit, maar nie daartoe beperk is nie.

**Angstige leerders** wat sukkel met die aanpassing en tempo van roterende klasse tussen verskillende vakke en onderwysers, mag ook baat vind by hierdie gestruktureerde opset.

Sommige leerders word reeds in Graad 3 geïdentifiseer as moontlike kandidate vir akademiese akkommodasie in die Intermediêre Fase.

## Wat is akademiese akkommodasie?

Akkommodasie is 'n spesiale toegewing wat die Departement van Onderwys toestaan aan leerders met spesifieke assesseringsuitdagings. Dit word nie toegeken om akademiese prestasie te verbeter nie, maar om toe te laat dat die leerder sy/haar kennis werklik kan demonstreer, ondanks die struikelblokke.

**Voorbeelde van akkommodasie sluit in:**

- Ekstra tyd
- Spelling akkommodasie
- 'n Leser en/of skrywer

Aansoeke vir akkommodasie word ingedien deur samewerking tussen die skool, ouers en opvoedkundige sielkundiges. Toestemming moet per fase hernu word en is geldig tot en met Graad 12.

## Is daar ekstra kostes verbonde aan die SKI-Klas?

Ja. Tydens die Algemene Jaarvergadering in Oktober 2025 is 'n resolusie goedgekeur dat ouers van leerders in die SKI-Klas 'n jaarlikse skoolfonds van R46 200.00 betaal.

Die verskil tussen die standaard skoolfonds en dié van die SKI-Klas sal spesifiek aangewend word vir die diens van hierdie klas, soos bepaal deur die Beheerliggaam van LLG. 'n Aparte SKI-Klas Skoolfondsooreenkoms moet deur ouers onderteken word.
Die bedrag vir 2027 sal weer bevestig word in Oktober 2026.

SKI
Sentrum vir Kurrikulum Integrasie

LAERSKOOL LOUW GELDENHUYS
SED. 1902

# Gereelde Vrae & Antwoorde

## Wat is die voordeel vir my kind?

- Geen klaswisseling tussen vakke of onderwysers.
- Alle vakke word binne dieselfde klas aangebied deur 'n ervare en gespesialiseerde onderwyseres.
- Werk word gedifferensiëerd aangebied volgens die leerder se behoeftes.
- Spesifieke vaardighede kan doelgerig ontwikkel word.
- Kleiner klasgroepe beteken meer individuele aandag.
- Gespesialiseerde meubels, tegnologie en kalm atmosfeer ondersteun vaardigheidsontwikkeling sonder onnodige stres.

## Hoe lank sal my kind in die SKI-Klas wees?

Leerders voltooi tipies 'n akademiese jaar in die SKI-Klas. Gedurende hierdie tyd word evaluasies gedoen om te bepaal of herintegrasie na ander klasse moontlik en wenslik is.

Indien toepaslik, kan geleenthede geskep word om reeds tydens die jaar geleidelik te integreer.

## Wat moet my kind saambring klas toe?

As gevolg van die gebruik van tegnologie in die klas, sal ouers gevra word om 'n tegnologiepakket deur die skool aan te koop. Alle toestelle moet dieselfde spesifikasies hê vir integrasie met die onderwyseres se stelsel.

Die eenmalige tegnologiefooi vir 2025 is R6 047.85 (BTW ingesluit).
Dit sluit die volgende in:

- Lenovo TB328 M10 Laptop – R3 899 (BTW uitgesluit)
- Logitech MK235 Wireless Combo – R462 (BTW uitgesluit)
- RT-UL-U3-TCA 3.0 Type C Adapter – R99 (BTW uitgesluit)
- RT-UL-HPBT03 Noise Cancelling Headphones – R799 (BTW uitgesluit)

**Let wel:** Hierdie pryse kan verander in 2026.

SKI
Sentrum vir Kurrikulum Integrasie

LAERSKOOL LOUW GELDENHUYS

INLIGTING



# 2027 SKI-Klas Aansoeke

**SKI-Klas Aansoeke vir die Graad 4, 5 & 6 SKI-Klasse vir 2027 is oop vanaf Dinsdag 2 Junie 2026 en sluit Vrydag 23 Oktober 2026.**

ŉ Paneel van verskeie kundiges, aangestel deur die Beheerliggaam van Laerskool Louw Geldenhuys, is verantwoordelik vir die verwerking van alle aansoeke vir die SKI-Klas.

**So verloop die keuringsproses:**

- Ouers voltooi en dien die aanlyn aansoekvorm in en laai dokumentasie by hulle "dashboard".
- Die keuringspaneel hersien alle dokumentasie en maak aanbevelings aan die Beheerliggaam.
- Die Beheerliggaam neem die finale besluit oor toelating.
- Suksesvolle kandidate sal per e-pos gekontak word en ontvang dan die amptelike SKI-Klas inskrywingsvorm vir 2027.

**Let asseblief op:**

- Leerders van ander skole mag ook aansoek doen.
- Leerders wat reeds by Louwtjies is, geniet voorkeur.
- Hierdie aansoekproses is slegs vir die SKI-Klas en beïnvloed nie die algemene toelatingsproses tot Laerskool Louw Geldenhuys nie.

SKI
Sentrum vir Kurrikulum Integrasie

LAERSKOOL LOUW GELDENHUYS
SED. 1902
L.L.G.
VRUG OP ONS ARBEID

INLIGTING

# Stap vir Stap Aansoekproses

### Die aansoekvorm skakel

Gebruik hierdie skakel om die aanlyn aansoekvorm in te vul of skandeer die QR-Kode:
https://secure.llg.co.za/frm/2sn5AdrnUoKYzp4TT

## Na indiening van jou aanlyn aansoek:

- Sodra jy die vorm gestuur het, sal jy 'n e-pos ontvang met 'n uitnodiging om jou aanlyn profiel te skep.
- Hierdie profiel gee jou toegang tot jou Aansoek Dashboard – 'n gebruikersvriendelike platform ontwerp om doeltreffende en effektiewe kommunikasie te fasiliteer.
- In jou dashboard sal jy aan die regterkant: maklik dokumente kan oplaai of aflaai. Daar is 'n duidelike kontrolelys om jou te help.

## Die dokumente wat ons benodig:

- ID-dokumente van beide ouers/voogde
- Geboortesertifikaat van die leerder
- Bewys van woonadres
- Volledige opvoedkundige sielkundige assesseringsverslag (nie ouer as 2 jaar nie)
- Enige ander relevante, soos arbeids- of spraakterapeute verslae.

## Die keuringsproses:

Alle aansoeke is onderhewig aan 'n keuringsproses deur 'n professionele paneel. Indien u aansoek suksesvol is, sal ons u in kennis stel. Daarna moet die SKI-Klas Skoolfondsonderneming vir 2027 onderteken word.

Suksesvolle kandidate sal per e-pos gekontak word en ontvang dan die amptelike SKI-Klas inskrywingsvorm vir 2027.

**Vir enige navrae, kontak gerus tina@llg.co.za.**

SKI
Sentrum vir Kurrikulum Integrasie

LAERSKOOL LOUW GELDENHUYS
SED. 1902
L L G
VRUG OP ONS ARBEID